



Die berg brand

Julie Smith-Belton Kirsty Paxton Nadene Reignier

Die berg brand

Hierdie boek behoort aan







bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Die berg brand

(There's a Fire on the Mountain)

Illustrated by Julie Smith-Belton

Written by Kirsty Paxton

Designed by Nadene Reignier

Translated by Nal'ibali

with the help of the Book Dash participants in the Virtual Book Dash on 15 May 2021.

ISBN: 978-1-77632-534-4

Typeset in Overlock and Noto Sans

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence
(<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.



Die berg brand


Julie Smith-Belton Kirsty Paxton Nadene Reignier





Ek en my maats het
'n speletjie wat ons
graag speel.

“Die berg brand. Hardloop, hardloop!
Kukh’umlilo kwezontaba.
Baleka, baleka!”



Toe, op 'n dag, is daar regtig 'n brand
op die berg. Dis 'n verskriklike vuur wat
brand en brand.

A stylized illustration of a fire scene. In the upper right, a yellow helicopter with a blue canopy and black windows is shown in profile, flying towards the left. It has a red hook suspended from its side, which is positioned over a large fire. The fire is depicted with vibrant, flowing flames in shades of orange, yellow, and red. In the lower right, a firefighter is visible, wearing a red helmet and a blue jacket, holding a hose and spraying water onto the fire. The water is represented by blue droplets and a blue stream. The background is a light, textured grey. The overall style is modern and graphic.

Groot, ou geboue brand,
boeke brand, bome en gras
brand. Helikopters gooi
water op die vuur, en dapper
brandbestryders spuit water
met hul brandslange.

En mense hardloop *regtig*. Hulle gryp hul
boeke en tasse en vlug vir die rook en
die vlamme.





Ná drie lang dae is die laaste
vlamme geblus.


Die brandbestryders kan uiteindelik rus.



Die berghange is swart verbrand. Wanneer
ons in die berg gaan stap, sien ons net rotse
en verbrande bosse.

Ons is baie hartseer.





Toe skielik op 'n dag ... beur klein stukkies rooi
deur die swart.

“Kyk, kyk. Wat is dit?”







Die klein stukkies
rooi groei
en groei
tot hulle in pragtige
vuurlelies verander
wat lank en elegant is,
met hul blomme wat
soos rooi
klokke hang.

Toe verskyn die groot, rooi blomme, wat
soos vulkane deur die groen skiet. Dit lyk soos
dik, rooi tuite vol stekels met geel punte en
groot, rooi blare.

Die berghange is oortrek met stippels
groen, en tussen die swart kom groen
gras en riete op.



En ná die reën vou die katsterte in klam kolle oop.



En die pypies
staan hoog en
blom oranje
en pienk.

Sommer gou is die berg
oortrek van plante wat ons
jare lank nie gesien het nie.



Die berg is vol nuwe lewe!



